

# St. Isidorus die Boer

## 15 Mei

(1070-1130)

Hierdie beminde beskermheilige van plaasboere en -werkers is by Madrid in Spanje gebore. Vanaf die ouderdom dat hy 'n graaf en sekel kon vashou was hy in diens van 'n ryk landheer, Juan de Vergas, in wie se landerye hy gewerk het. Hy was 'n eenvoudige, nederige en diepgelowige mens wat deur sy harde handewerk alles wat hy gedoen het vir God opgeoffer het. Soggens sou hy vroeg opstaan om eers in die kerk te gaan bid voordat hy op die lande gaan werk het. Die hele dag lank, terwyl hy in die landerye gewerk het of agter die ploeg aangeloop het, was hy besig om te bid. In 'n tyd toe diere oor die algemeen nie goed behandel is nie, was sy liefde vir al God se skepsels iets ongewoons. Hy het alles wat hy verdien het gedeel met mense wat nog armer was as hy.

© Die Oratorium Uitgewery